ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Oktober 2021

# OKTOBERMAAND

Dit is die maand Oktober!
Die mooiste mooiste maand!
Dan is die dag so helder,
So groen is elke aand,
So blou en sonder wolke
Die hemel heerlik bo……

Dit is die maand Oktober!
Ek dink die mense vier
Vir ewig in die hemel
Oktobermaand soos hier!

Wat wens jy meer as blomme,
As helder dag en nag?
Wat kan jy beter, mooier
Of heerliker verwag?

(C Louis Leipoldt)

## VERWELKOMING

Marina Griessel, die nuwe vriendelike ontvangsdame, het op 1 September hier diens aanvaar. Sy het skoolgegaan op Humansdorp en einde 1997 matriek geskryf by H/S Nico Malan. Sy is getroud met Rudy en hulle het een dogter, Charney.

Marina is reeds 21 jaar in Pretoria en het voorheen vir 13 jaar gewerk by Security Management Solutions. Sy en haar gesin hou daarvan om naweke te kampeer, te sosialiseer met vriende en net rustig tuis te wees.





## NOG 'n AFSKEID

Suster Diana Odendaal het bedank as Landgoedsuster en verlaat ons op Donderdag 30 September.

Sy was hier werksaam vanaf 1 Oktober 2016.Sy moet in Oktober 'n heupvervangingsoperasie ondergaan.

Die Direksie en bestuur bedank haar vir haar onbaatsugtige diens tydens lang en soms moeilike omstandighede.




## VERJAARDAG

Michelle, die vriendelike Rapport-verkoper wat elke Sondag op haar pos is, vier haar verjaardag op Sondag 17 Oktober op haar pos hier by ons hek. Sy word dan 43

## COMMON PROPERTY

(Please read: Guide to Estate living)

4.2 Eldoraigne Retirement Estate is a Sectional Title scheme.

4.2.1 Sectional title is a form of property ownership, which allows individual ownership of a part of a property and a shared ownership of all other areas; the common property. When you buy into a sectional title retirement estate, you purchase a unit which consists of:
-a particular section (**the inside of your unit)**, and
-An undivided share in the common property.

4.2.2 What does an owner own?
An owner owns his section exclusively and co-owns all of the common property. Together these make up a “unit”, which is the property that is registered in the name of an owner. It is important to know that **everything outside a section forms part of the common property-the carport and even the enclosed garden.**

EXCLUSIVE USE AREAS IN TERMS OF SECTION 27A OF THE SECTIONAL TITLE’S ACT
-**Registered exclusive use areas** in terms of section 27 can be created by the **developer at the opening of the sectional title register** and such parts of the common property for exclusive use by a specific section, by way of a **certificate of real right** of exclusive use, and it will be registered at the Registrar of Deeds, by way of a notarial deed.
-Since 1997 exclusive use areas can be created in terms of section 27A by the body corporate (HOA). The HOA , when it is duly authorized thereto by an unanimous resolution of its members, request an architect or land surveyor to apply to the Surveyor-General for the delineation of the exclusive use areas on a sectional plan. This is a costly process and must include a layout plan to scale of the Estate,, indicating the location of the distinctively numbered exclusive use area, and the Registrar of Deeds must be notified.

-As no REAL RIGHT OF EXCLUSIVE USE AREAS for Eldoraigne Retirement Estate were registered at the Deeds office, all areas outside the units are common property.

## ‘n **BIOKINETIKUS**

is ‘n oefeningspesialis wat opgelei word in sportwetenskappe. Hy is gewoonlik betrokke by sport- en fiksheidsprogramme en sportbeserings, en werk nooit met siek mense nie. Sy werk bestaan uit 3 aktiwiteite:

-Evalueer die persoon se fisiese toestand-kyk hoe gesond en fiks hy is.

-Werk ‘n veilige fiksheidsprogram uit.

-Ontwikkel rehabilitasie-oefenprogramme as deel van ‘n mediese span, bv vir iemand wat in ‘n ongeluk beseer is en weer moet leer loop.

(Skakel Zelda Lamprecht 083 504 3552 Advertensie Mei 2019)

## ‘n **FISIOTERAPEUT**

gebruik fisiese metodes om genesing te bevorder van beseerde of rumatiese spiere en gewrigte; ook die gebruik van lig, ultravioletstrale, hitte, elektriese stroom, massering, manipulasie, remediërende oefening en passiewe en aktiewe liggaamsbewegings.In hospitale doen hulle nasorg en rehabilitasie van ge-opereerde pasiente, veral met die oog op die bevordering van vroëe mobiliteit, herwinning van krag en gebruik van ledemate. Hulle is ook bedrewe met asemhalingsoefeninge en die uitklop van slym uit die bors van chroniese of verswakte brongitis- of emfiseemlyers.

(Skakel Asma Omar 082 727 3656. Sy doen ook tuisbesoeke. Advertensie November 2019)

## ‘n **ARBEIDSTERAPEUT**

behandel fisiese en sielkundige toestande na ‘n operasie, besering of ernstige siekte; deur pasiënte te help om hul spierkrag en–koordinasie te herwin. Hulle word aangemoedig om spesifieke geselekteerde aktiwiteite te onderneem wat hulle sal help om hulle maksimum funksioneringsvlak en onafhanklikheid in die alledaagse lewe te bereik.

Die aktiwiteite is ontwerp om hulle vermoëns ten beste te benut, en is gebaseer op individulele vereistes. Dit strek van houtwerk, metaalwerk, pottebakkery en ander artistieke aktiwiteite en huishoudelike bestuur , sosiale vaardighede en vryetydsaktiwiteite. Pasiënte word gehelp sodat hulle hulself kan versorg en verklee, asook winsgewende werk kan verrig.

(Skakel Vivienne van den Berg 071 433 1400 )

yolandévdwesthuizen
Audiologists

# HEARING AIDS...

# FINANCE THEM WITH

# 0.0%

# INTEREST

*Pay only 50% deposit on your next set of hearing aids and pay the balance off in 3, 6, 9 or 12 months....*



- No Interest Guaranteed ☑
- Effortless Process ☑
- Latest Technology ☑
- No hidden Costs ☑

## 012 653 3830

# REIS: VREDEFORT KOEPEL

Die oudste meteoriet impak krater wat in die wereld gevind is, is net ‘n hanetree van die Landgoed af.( ‘n Koepel is bolvormig en ‘n krater is komvormig.) Die Vredefort Koepel is slegs die sentrale deel van die impak krater en word ‘n koepel genoem omdat die rotsformasie gebuig was in die vorm van ‘n onderste-bo skottel met ‘n deursnit van 90km. Die ringvormige rotsstruktuur wat gevorm is, kan duidelik waargeneem word in die omliggende landskap.

Ongeveer 2023 miljoen jaar gelede het hierdie 10 kilometer wye meteoriet die aarde getref en ‘n aanvanklike krater van 100 kilometer wyd en 40-km diep gemaak.Bykans onmiddellik na impak, het hierdie krater egter groter geword agv die onderste rotsformasies wat verkrummel het terwyl die wande ingeval het, sodat dit nou 300km x 90km wyd is. Hierdie wande van die krater was die bron van ongeveer ‘n derde van alle goud gemyn op die aarde.

Daar word bespiegel dat die meteoriet die aarde teen meer as 36 000 km/u moes tref om hierdie reuse gat te maak. Dit was groter as die meteoriet wat 65 miljoen jaar gelede die dinosaurusse uitgewis het. Die meteoriet het 27 km onder die aardoppervlak ontplof en deur die jare verdwyn/verweer agv erosie. (‘n Asteroied is ‘n rotsformasie in die buitenste ruim, en sodra dit die aarde se atmosfeer binnedring word dit ‘n meteoriet genoem)
Hierdie krater is gevorm tussen Parys en Potchefstroom, met Vredefort in die middel. Die Vaalrivier loop deur die krater.

Verskeie toere word aangebied, wat wissel van geologiese, opvoedkundige en geskiedkundige toere (skakel Jan Fourie in Parys by 0828917163) Die Vredefort Koepel is as die Sewende Wereld Erfenisgebied in Suid Afrika verklaar.

‘n Daguitstappie wat aanbeveel kan word, is die wildsrit in die CHAZEN natuurreservaat net buite Parys. Joe Viljoen, aan wie die reservaat behoort, gee ‘n kort geskiedenispraatjie oor die krater en daarna volg ‘n rit van 2 ½ uur in die oop wildsvoertuig. Kameelperde, leeus, blouwildebeeste, swart wildebeeste, elande, gemsbokke en verskeie ander boksoorte word gesien in ‘n landskap wat baie herinner aan die Serengeti.

## WAT BEHELS GEMEENSKAPLIKE TUININSTANDHOUDING

1. **Tuinkontrakteur** :
-Fisiese vullisverwydering twee maal per week vanaf elke huis en daagliks vanaf woonstelle.
-Verwydering van tuinafval 1x per week
-Grassny, rantsny en blaas: 1x per week
-Skoonmaak van stormwaterkanaal en wegry van slik
-Skoonhou van areas buite grensmure: Oos, Noord en Wes
-Onkruidverwydering op gemeenskaplike areas
-Bestryding van Stompkophoutboorder op bome
-Watergee en onderhoud van gemeenskaplike blombeddings.
-Bome snoei en versorg
-Afskuur en vernis van houtheinings in wintermaande
-Neste uit bome verwyder rondom dienssentrum en woonstelle
-Verspreiding van bogrond in parke
-Verspreiding van kompos in gemeenskaplike blombeddings
-Pesbestryding op gras, plaveisel, bome, struike en termietbehandeling.

2. **Vullisverwydering** (vanaf elke eenheid tot by vullisarea en verwydering deur Global Waste weg vanaf die Landgoed)

3. **Landgoedaankope**:
-Gif vir gewone pesbestryding vir slakke; luise; miere; stompkophoutboorders op bome en onkruid.
-Plante en bome vir tuinverfraaiing
-Bogrond vir parke,
-Kompos vir gemeenskaplike blombeddings
-Kunsmis vir bome in gemeenskaplike areas

4.**Pesbeheer (Pest Control)**
Bestryding van grasdraertermiete op gras
Bestryding van houtboordertermiete in huise se plafonne
Rotbeheer (lokaas word maandeliks vervang)

**Weens die waterbeperkings mag tuindienste slegs gemeenskaplike blombeddings watergee, en geen parke of groter gemeenskaplike areas nie. Inwoners mag watergee soggens tot 09h00 en namiddag vanaf 17h00**




## Reënval 2020-2021 by die Landgoed gemeet

| Maand | Mm totaal |
|---|---|
| Sept 2020 | Paar druppels |
| Okt | 92 |
| Nov | 129 |
| Des | 86 |
| Jan 2021 | 144 |
| Feb | 80 |
| Mrt | 10 |
| Apr | 36 |
| Mei | 13 |
| | **590 mm** |

Ons wens is vir ‘n goeie reënseisoen vir 2021-2022

**INSPIRASIE: LEERGIERIG**

Min volwassenes hou lewenslank aan om op kreatiewe maniere te leer en te groei. Volgens die fisikus Moshe leer die meeste volwassenes net dit wat hulle nodig het om binne hul eie omstandighede te oorleef. Daarna vries hul kreatiewe leerprosesse. Is dit hoekom so baie grootmense lei aan “mentalpause”? Dieselfde roetines, holrug geryde praatjies en opinies wat voorspelbaar raak.

Dieselfde gebeur ook op geestelike gebied. Sommige raak so gewoond aan God dat niks hulle meer kan verras nie. Diesefde ou idees, preke, sang en gesprekke gebeur oor en oor. Systap asb hierdie gevaarlike toestand deur leergierig te bly. Laat toe dat God jou verras. Wees kinderlik opreg voor God. (Stephan Joubert)

**Hou dan op om te lewe soos julle vroeer gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is. Ef 4:22-24**

CSi Sales Rentals Property Management

Trustworthy Property Solutions

# Eldoraigne Retirement Estate

2 Bedroom, 2 Bathroom and store room House. Single Garage.
**R1 950 000**

3 Bedroom, 2 Bathroom House. Double Garage.
**R2 450 000**

3 Bedroom, 2 Bathroom and 1 Study House. Double Garage.
**R2 795 000**

3 Bedroom, 2 Bathroom House. Double Garage.
**R2 550 000**

# Olivedale Retirement Village

2 Bedroom, 2 Bathroom House. Single Garage.
**R1 900 000**

2 Bedroom, 1 Bathroom House. Single Garage.
**R1 750 000**

2 Bedroom, 1 Bathroom House. Single Garage.
**R1 595 000**

1 Bedroom, 1 Bathroom Apartment.
**R700 000**



## Ruan Erasmus
**071 481 6199**
**ruan@csisales.co.za**



La Vie
CARE

**DID YOU KNOW?**
We're ready to help you in the comfort of your own home. We're just a call away!

# ASSISTED LIVING

Our ready-to-go, always there for you caring team, cannot wait to be of service with our vast range of services and products.
Whether you need assistance with daily tasks, wound care or just want some company while you take a walk, we are there for you.



















Please get in touch with La Vie Care to get our full list of products and services + their prices.

Telephone number
012 007 1608/12


Email address
elmed@laviecare.co.za



GRIETA 192















MARIE 81

# Our Moringa Product Range

**Where our Vision is your Health.**

Our products focus on improving health and wellness through the use of natural products




## BENEFITS OF MORINGA

### Also known as "The Miracle Tree"



- 4x more Vitamin A than in Carrots
- 7x more Vitamin C than in Oranges
- 4x more Calcium than in milk
- 3x more Potassium than in Banana
- 3x more Vitamin E than in Almonds
- 3x more Iron than in Spinach



- Promotes Beautiful Skin
- Stimulates Hair Growth
- Anti-Ulcer
- Normalizes Blood Sugar
- Vision Improvement
- Liver Protection
- Detoxification
- Treats Urinary Disorders
- Treats Kidney Stones & Headache
- Increased Mental Clarity

Full range of our products can be viewed on the website: www.doddsfarm.com

## OUR BEAUTY RANGE:

- MORINGA AND MORE BEAUTY CREAM
- MORINGA FRESH LEAF SOAP BAR
- MORINGA COCONUT FACIAL BAR
- MORINGA ECZEMA CREAM
- SOOTHING ECZEMA SOAP




Phone us on : +27 79 153 3466
Follow us on Facebook @DoddsFarmSa
Email us at : info@doddsfarm.com
Order online at : www.doddsfarm.com